**Ds. Lourens Aucamp**

# Die Groot Ses – God se diere (6)

Die groot ses diere word bepaal deur hulle gevaarlikheidsgraad op land (eerste artikel). Vir ons doeleindes gaan dit om diere wat wydverspreid in Afrika voorkom, want daar is byvoorbeeld ander soorte buffels as dié wat ons ken. Dink aan die waterbuffel wat baie soos beeste gebruik word as melkdiere, trekdiere en kraaldiere. Dink aan die bison van Amerika.



**Die Afrika Buffel** (*Syncerus caffer*)

Die wetenskaplike naam dui op die donker, swart kleur van hierdie groot dier. Dit word ook die *Cape Buffalo* – Kaapse buffel – genoem, waarmee eintlik maar iets soos Gewone Buffel bedoel word, want hierdie swaargewig kom oor die grootste deel van Afrika suid van die Sahara voor. Die oorgrootjie het bekend gestaan as die Oer-os en het in Palestina, Egipte, Mesopotamië en Sirië voorgekom.

Dit is ook die eenhoring (*unicorn*) genoem, omdat die horings so gevorm was dat as jy van die kant af kyk, lyk dit asof daar net 'n enkele horing is. Die Statevertaling van die Bybel het dit dan ook met Eenhoring vertaal.

Vandag sien die horings daar heelwat anders uit en kan nie anders as massief beskryf word nie. Waar dit op die voorkop bymekaarkom, vorm dit 'n digte skild wat die indruk skep van ondeurdringbaarheid. Hiervandaan loop dit in 'n breë plat strook tot onder die oog om dan op te buig in swart ronde horings met 'n redelike skerp punt. Hierdie is nie alleen 'n goeie beskermingsmiddel nie, maar ook 'n baie goeie wapen.

**In die Bybel:**

*Job* het waarskynlik 'n voorliefde vir wilde diere gehad en was beslis 'n beter kenner as die gemiddelde persoon van ons dag. Dit geld ook grootwild. In Job 39:12-15 praat hy so van die buffel: *Sal die buffel gewillig wees om vir jou te werk? Sal hy deur die nag by jou krip bly staan?Kan jy hom inspan en ploegvore met hom trek? Kan jy hom lei om die land agter jou te eg? Sal jy jou op hom verlaat vir sy reuse krag? Sal jy dit aan hom oorlaat om vir jou 'n oes te lewer? Sal jy op hom vertrou om jou graan te oes en op jou dorsvloer bymekaar te bring?*

Job praat beslis hier van die buffel wat ons ken en nie die meer bekende Oosterse waterbuffel nie. Dit is twee soorte wat soos dag en nag van mekaar verskil. Vir Job staan die ontembaarheid van die buffel uit. Ons weet vandag dat daar heelwat wildboere is wat met sogenaamde siektevrye buffels boer. Hierdie diere is gewoonlik redelik mak, en tog het ons al van tyd tot gehoor van mense wat deur hulle onverwags aangeval en gedood of erg beseer is. My eie skoonseun se bakkie is bestorm, die horings ingedruk en so opgetel dat hy nie in staat was om weg te ry nie.

Die Bybel gebruik juis die buffel om uitdrukking te gee aan die groot krag van God. Numeri 23:22 – *God het hulle uit Egipte laat trek, sy krag is vir hulle soos die horings van 'n buffel.* Dieselfde gedagte kry ons ook in 24:8. Deuteronomium 33:17 beskryf Josef, as ons dit vry vertaal, so: Sy horings is die horings van 'n wilde os. 1953-vertaling – *Sy horings is buffelhorings.* In Psalm 22:22 pleit Dawid dat die Here hom sal red tussen die horings van die wilde beeste uit. Hebreërs – die horings van die wilde osse.

In Psalm 29: 6 lees ons ook van 'n jong wilde os, terwyl die profeet Jesaja beskryf hoe die Here deur sy krag ook die buffels laat val. Die groot krag van die buffel kom van Hom af wat groter is as enige vorm van krag. Hy gee tog self die krag aan die buffel.

As gevolg van runderpes is die buffelgetalle vandag baie kleiner as 'n eeu of

wat gelede. In die Wildtuin is troppe van 300 redelik algemeen. Een van die mees verruklike gesigte is om in jou motor te sit en 'n trop van 400 tot 600 diere loop amper vir 'n uur lank oor die pad en om die motor. Hulle is baie nuuskierig en sal met hoë koppe, soos beeste, jou staan en beskou. Is dit egter 'n troppie ou, alleenloper-bulle, is die beste om hulle maar in vrede en aan hulleself oor te laat. Hierdie kolos kan tot 50 kilometer per uur hardloop en bereik 'n ouderdom van 15 jaar en meer.

"Die groot swart os" kan op jou net so 'n indruk laat as 'n groep leeus. Spreek hulle dan nie juis van die groot krag van God nie – daardie krag wat Hy ook in ons lewe gebruik?

**Die Renoster** (*ceratotherium simum*) (wit); (*diceros bicornis*) (swart)

Hierdie lid van die groot ses kon ek nie in die Bybel opspoor nie. Daar kom *vandag nog vyf soorte renosters in die wêreld voor, waarvan twee in Afrika: Die swartrenoster en witrenoster.* Renosters is familie van die perd en ook die sebra.

**Die swartrenoster (foto links onder):**

Hierdie is die kleinste van die twee soorte by ons, maar beslis die mees gevaarlike. Hiervan getuig die uiterlike voorkoms. Die swartrenoster loop met die kop hoog en as hy jou so uit die hoogte aankyk, is dit al klaar genoeg om 'n krieweling langs jou ruggraat af te stuur. Hy is regtig kort van draad en storm maklik. Omdat die oë swak is, storm hy dikwels op sy gehoor af of op iets wat hy ruik. Sy trompetore kan in enige rigting draai en die een kan byvoorbeeld vorentoe en die ander agtertoe luister. Hy is meer skugter en hou meer in die ruie bos. Dit voorsien tegelykertyd in sy eetgewoonte wat meestal uit takkies en blare bestaan. Die ma is kwaai op haar kleintjie en sorg dat dié altyd agter haar is terwyl sy die gevaar voor haar verdryf. Die mis van die swartrenoster is maklik uitkenbaar: Meestal takkies en stokkies, netjies afgesny in tandestokkies wat in die veld gou-gou 'n verdwaalde stukkie biltong op sy plek kan sit.

Swart het nie te make met die kleur van die dier nie. Dit is bloot 'n onderskeiding van die witrenoster, wat ook nie wit is nie. Dit kom van die woord *wide* wat dui op die wye, breë bek en in die volksmond *wit* geword het.

**Die Witrenoster (foto regs onder):**

Hierdie dier is die grootste op aarde, naas die olifant. Een van sy voorsate, die horinglose reus van Asië, het oor die vyf meter by die skouer gemeet en was van kop tot stert tien meter lank. Die oorsese mense praat van *neushoring/nasehorn*. Dit dui direk op die familienaam *Rhinocerotidae* – neushoring.

Anders as die swarte, is die witrenoster 'n grasvreter, vandaar die breë bek soos 'n grassnyer. Hy is baie meer kalm van geaardheid, daarom sal die kalfie byvoorbeeld voor die ma uitloop. Die bulle baken hulle gebiede af deur mishope. Die agterpote word deur die hoop gesleep om sodoende, soos daar beweeg word, aan moontlike indringers te sê: Hierdie is my gebied. Verder word kort-kort teen bosse geurineer. So word alle twyfel oor wie se gebied dit is, uit die weg geruim.

Die renoster is een van die min diere wat, behalwe die mens, feitlik geen vyande het nie. Selfs olifante sal deur leeus aangevat word, maar nie renosters nie. Hulle leeftyd strek oor 30 tot 40 jaar. Tog is hulle op baie plekke bedreig, omdat daar 'n siening ontstaan het dat die horing van die renoster 'n seksstimulant is. Dit het selfs daartoe gelei dat natuurkundiges renosters verdoof het en die horings afgesaag het om die dier te red.

Alhoewel die dier nie in die Bybel vermeld word nie, is dit ook een van God se groot diere. Ek het self aanskou hoe ses jong olifante teenoor vier renosters stelling inneem om eenvoudig net te retireer wanneer die renosters nader kom. •



